basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik bv. 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'n STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Moenie die titel bytel as jy die getal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **DIT HET MY GELUKKIG GEMAAK**

Daar het iets gebeur wat jou gelukkig gemaak het.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoe het dit gebeur?
- Hoekom het dit jou gelukkig gemaak? **[40]**

1.2 **DIE DAG TOE EK EN MY MAAT GESTRY HET**

Jy en jou maat stem oor baie dinge saam. Toe gebeur daar eendag iets wat gemaak het dat julle met mekaar gestry *(argue)* het.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Waaroor het julle gestry?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat het daarna gebeur?
- Hoe voel jy oor dit wat gebeur het? **[40]**

1.3 **EK HET DIEWE SE PLAN LAAT MISLUK**

Terwyl jy op pad huis toe was, het jy gehoor hoe diewe beplan om 'n vrou se handsak te gryp. Jy het gesorg dat hierdie diewe nie hul plan kon uitvoer nie.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en waar het jy hierdie gesprek gehoor?
- Wat het die diewe gesê of beplan?
- Wat het jy gedoen?
- Hoe voel jy oor dit wat gebeur het? **[40]**

1.4 **SPORT IS GOED VIR 'n MENS**

Sport is goed vir 'n mens se liggaam *(body)* en gees *(spirit).*

Skryf 'n **opstel** en vertel hoekom jy dink dat sport goed vir 'n mens is.

Dink aan die volgende:

- Hoekom is sport goed vir 'n mens se liggaam?
- Hoekom is sport goed vir 'n mens se gees?
- Hoe kan die sport wat jy beoefen jou help?
- Hoe kan jy ander mense motiveer om aan sport deel te neem? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



**[40]**

[Uit: getty images.com]

1.5.2



[Uit: photolia.com] **[40]**

1.5.3



[Uit: google images.com] **[40]**

Kopiereg voorbehou 

1.5.4




[Verwerk uit wikihow.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou maat het baie hard geleer en 'n beurs *(bursary)* ontvang om te gaan studeer.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou maat waarin jy hom/haar gelukwens en motiveer om aan te hou om hard te werk.

Dink aan die volgende:

- Waarom skryf jy die brief aan jou maat?
- Wat gaan jou maat met die beurs doen?
- Hoe sal jy jou maat kan motiveer om aan te hou om hard te werk? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Die paaie in jou omgewing is in 'n swak toestand.

Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder waarin jy oor die swak toestand van die paaie kla. Sê hoe jy dink die munisipaliteit dit kan verbeter.

Gebruik die volgende adres:

Die Munisipale Bestuurder
Posbus 5713
Upington
5000

Dink aan die volgende:

- Waar in jou omgewing is die paaie so swak?
- Wat maak die paaie so swak?
- Wat stel jy voor kan/moet die munisipaliteit doen om die situasie te verbeter? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy het besluit jy wil 'n tatoeëermerk *(tattoo)* hê en jy wil hoor wat jou ma daarvan dink.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou ma neer.

Begin die gesprek só:

Ek: Ma, ek het besluit ek wil 'n tatoeëermerk hê.

Ma: Wat? 'n Tatoeëermerk?

Ek: ...

Ma: ...

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **RESENSIE**

'n Jong sanger het 'n nuwe CD gemaak.

Skryf 'n **resensie** vir die plaaslike koerant oor die nuwe CD.

Dink aan die volgende:

- Wie is die sanger en wat is die naam van die CD?
- Wat dink jy van die musiek op die CD?
- Sal jy vir mense sê om die CD te koop en waarom? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

**VRAAG 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Die plaaslike dansklub gaan 'n danskompetisie in julle gemeenskapsaal hou. Die leier van die dansklub het vir jou gevra om 'n plakkaat te maak om die danskompetisie te adverteer.

Maak 'n **plakkaat** om hierdie danskompetisie te adverteer.

Dink aan die volgende:

- Die inligting wat op die plakkaat moet verskyn.
- Die korrekte formaat vir 'n plakkaat.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het geregistreer vir jou inenting teen Covid-19. Jy moes kliniek toe gaan vir jou inenting *(vaccination).*

Skryf in jou dagboek hieroor. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die dag vóór die inenting
- Die dag ná die inenting

Dink aan die volgende:

- Hoe het jy die dag vóór die inenting gevoel?
- Hoe het jy ná die inenting gevoel? **[20]**


3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jou oom het per bus stad toe gekom om 'n sokkerwedstryd by te woon. Hy het by die bushalte afgeklim. Hy stap van die **bushalte** af tot by die **hotel** waar hy bly.

Verduidelik aan jou oom hoe om van die bushalte af tot by die hotel te kom. Volg die **pyltjies** op die roetekaart hieronder. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Stap in Noordstraat af tot by ... .
2. ...
3. ...




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou